

**Naam en van:**

Gérard du Plessis

**Naam en graad van seun:**

Willem du Plessis Gr8

**Skakel vir video:**

<https://youtu.be/4iLriE7sUtg>



**Vorige Beheerliggaam ondervinding (Instansie en jare diens)**

Ek het 3 jaar gedien as trustee van die Anton van Wouw Laerskool Trust (2019 - 2021).

**Beroep, vaardighede en ondervinding wat vir die skool tot voordeel sal wees.**

Ek is 'n prokureur van beroep, met meer as 30 jaar ondervinding. Ek is die mees senior vennoot by die grootste regsfirmas in Pretoria, Adams & Adams, waar ek 15 jaar op die Bestuurskomitee gedien het (2006 - 2021) en 8 jaar as Voorsitter (2013 tot 2021). Ek spesialiseer in litigasie in Suid-Afrika, asook Afrika, wat verband hou met handelsmerke, outeursreg en ander intellektuele goedere, asook verwante kommersiële aspekte.

As gevolg van my bestuursposisie en blootstelling aan die groot plaaslike en oorsese maatskappye, het ek goeie ervaring opgebou in verskeie velde, wat insluit finansies, asook bemerking en, natuurlik, as gevolg van my litigasie-praktyk, is ek goed geskool in onderhandelinge. Uit hoofde van my posisie het ek uitstekende kontakte en toegang tot hulpbronne in die regs- en besigheidswêreld, wat tot voordeel van die skool aangewend kan word.

Die veelbesproke BELA wetsontwerp, wat verskeie problematiese aspekte behels, is 'n voorbeeld waar ek hopelik 'n bydrae sal kan lewer.

**My visie vir my termyn op die beheerliggaam.**

Ek is self 'n oud-Affie (matriek 1989). Om die waarheid te sê, my seun, Willem, wie hierdie jaar in Gr 8 is, is 'n trotse 4de geslag Affie.

Ek voel sterk dat Affies se unieke kultuur en tradisies van onskatbare waarde is en ten alle koste beskerm en behou moet word. Affies het 'n massiewe positiewe rol in my lewe gespeel en die persoon gemaak wie ek vandag is. Om die waarheid te sê, Affies is deel van my DNA. Ek sal graag iets vir die skool wil teruggee. Ek glo dat Affies die beste skool in die land is, omdat daar 'n plek vir elke seun is, ongeag wat sy spesifieke talente en belangstellings mag wees. Die broederskap wat elke seun ervaar, bly vir ewig. Ek sal alles in my vermoë doen om te verseker dat die geslagte wat nog kom ook hierdie "onregverdige" voordeel kry.